Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Volkseenheid beteken nie eenstemmigheid of eenheid van organisasie nie.*

# Die O.B.

*Volkseenheid beteken toegewydheid aan 'n gemeenskaplike volksroeping.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 15 SEPTEMBER 1943. No. 43.

# Gees van Ossewabrandwag is dié van Diens en Dade

## Teenstelling met Praat-politiek

**In ons Afrikaanse volk se strewe om behoue te bly, om 'n hegte eenheid te vorm en om uiteindelik die Republiek te verkry waarna ons verlang, is dit DADE wat tel en nie woorde nie. Hierdeur word nie bedoel dat woorde nie nodig is nie, maar dat as die woord nie in die daad omgesit word nie beteken die woord hoegenaamd niks nie, want dit is en bly die daad wat tel.**

Daar was 'n tyd in ons volksgeskiedenis — die tyd wat nou net verby is — toe ons die woord nodig gehad het om die siel van die volk wat deur die skynbare ramp van die Vryheidsoorlog verlam was, weer lewendig te maak en toe die woord nog nie in die daad omgesit kon word nie; maar daardie tyd is nou verby. Die tyd is verby dat ons tevrede moet wees net met mooi toesprake en besielende woorde — dit wil ons nog hê, maar die daad moet daarby gevoeg word. **In die verlede het dit grotendeels net by woorde gebly en die volk het 'n gevaarlike gewoonte ontwikkel om dit daarby te laat.** Uit daardie gewoonte moet ons geskud word en ons moet die gewoonte aankweek om dade te verrig instede van net na woorde te luister of woorde te uiter.

Dit bly natuurlik waar dat deur die woord tot die daad aangespoor moet word en hoe anders kan die noodsaaklikheid van die daad beklemtoon word as juis deur die woord? Die woord moet egter nie die doel op sigself wees nie maar alleen 'n middel tot die doel — die daad moet op die woord volg. Ons moet ons volk en ons mede-volksgenote — in besonder die minder gegoedes — dien, **en diens bestaan uit dade, nie woorde nie.** Het die Here dan nie self gesê „maar Ek is onder julle soos een wat dien" nie?

**In die verskil tussen die woord alleen en die daad ná die woord, vind 'n mens ook die verskil tussen die partypolitiek en die Ossewabrandwag. Die partypolitiek beoog by uitstek die woord alleen, terwyl die Ossewabrandwag die daad by die woord voeg — die Ossewabrandwag is daar om te dien.** In die partypolitiek is dit wel almal vir een, maar net op een dag — die dag van die verkiesing — wanneer die partykandidaat almal se stemme nodig het om verkies te word om daarna na die Praathuis te gaan en daar die woord te voer — nie om die daad te verrig nie. **In die Ossewabrandwag daarenteen is dit nie net almal vir een nie, maar ook een vir almal en dit nie net op een dag nie, maar elke dag en altyd. In die Ossewabrandwag word daar nie net gepraat van volksdiens nie, maar werklike volksdiens word verrig; daar word b.v. nie net gepraat van hulp vir die Afhanklikes en Geïnterneerdes nie, hulle word werklik gehelp soos getuig die duisende ponde al deur Brandwagte daarvoor ingesamel en uitgegee; daar word nie net gepraat van die dissiplinering van die volk nie, maar die volk word werklik gedissiplineer.**

### DIE ONDERSKEID

Let maar op die verskil tussen 'n patrypolitieke vergadering en 'n Ossewabrandwag-byeenkoms. Wat is die treffendste verskil tussen die twee? Is dit nie dat op 'n politieke vergadering die gevoelens en gemoedere van die gehoor deur die sprekers opgesweep word sodat daar tydig en ontydig uitroepe van „Skande!", „Hoor, Hoor!" e.d.m. gehoor word, en die gehoor in 'n toestand van verwarring en rumoer verkeer nie, terwyl op 'n Ossewabrandwag-vergadering 'n stille gees van erns en aandag heers onderwyl die sprekers aan die woord is? Het u nie gevoel dat nie net die sprekers op 'n Ossewabrandwag-vergadering nie, maar ook die toehoorders diep onder die indruk verkeer van die erns van die saak nie? **As 'n politieke vergadering uitmekaar gaan, voel 'n mens onwillekeurig dat dit nou 'n afgehandelde saak is — die mosie van vertroue of wantroue is gewen of verloor — maar as 'n Ossewabrandwag-vergadering verdaag, dan blyk dit duidelik dat die aanwesiges uitmekaar gaan, sonder om een of ander mosie voor te stel, met die vaste en besliste doel om die woord wat hulle aangehoor het in die daad om te sit. Hulle het rigting en leiding ontvang en nou gaan hulle dit uitlewe; hulle gaan dien en werk, nie praat nie!**

Dit is die gees van die Ossewabrandwag en dit is hierdie gees van diens en dade wat soos 'n helder ligstraal skyn deur die donkere wolk van vertwyfeling, verdeling en verwarring wat oor ons volk hang. Dit is hierdie gees wat deur Gods genade die bewerker gaan wees en nou al die waarborg is van volkseenheid, volksvertroue en, bowe-al, volksvryheid.

### BAIE STERKER

'n Treffende bewys van wat die Ossewabrandwag as gevolg van sy stryd om selfbestaan aan innerlike krag gewen het, word gelewer deur die Brandwagte van Aberdeen. Voor die skeuring het hulle 'n groot funksie georganiseer in samewerking met die omliggende dorpe. Die funksie het die hele dag geduur en met harde inspanning was die opbrengs £105. Verlede jaar, d.w.s. 'n jaar na die skeuring, het hulle net agt dae voor die tyd begin organiseer en die opbrengs was £67 10s. **Intussen het die Beweging so 'n daadkrag ontwikkel dat die opbrengs van vanjaar £130 beloop het. Na twee jaar van volhardende stryd het die Beweging dus so sterk geword dat hy in geesdrif en daadkrag ver hoër staan as toe hy nog die groot getalle gehad het.**

### WEER OP DIE BEEN

Die Ossewabrandwag het die afgelope jaar met soveel krag vooruitgegaan dat daar nie alleen oral 'n merkbare verbetering op verlede jaar se pogings is nie, maar plekke wat verlede jaar geen kans gesien het om 'n funksie te hou nie het vanjaar groot sukses behaal. Victoria-Wes, by voorbeeld, het £33 ingesamel terwyl hulle verlede jaar nie in staat was om 'n sametrekking te hou nie.

# Demokrasie Bring Kommunisme Waar hy Gesagstaat Vernietig

## Italië Bewys van Sosialistiese Toekoms

'n Berig in die Britse pers oor Italië voor sy onvoorwaardelike oorgawe lui dat daar 'n duidelike kommunistiese strekking veral in die noordelike dele van die land ontwikkel. Verlede week is ook berig dat Radio Rome in sy Engelse sending as volg verklaar het: „Daar was altyd 'n grondslag van sosialisme in die land en nou dat stappe ten gunste van die werkers gedoen word, **bestaan daar geen rede waarom die hele land nie sal dink dat 'n kommunistiese regeringsvorm verreweg die beste is nie. Italiane is vandag baie na aan die keerpunt. Ons was verplig om tot die gevolgtrekking te geraak dat die demokrasieë baie min hoop bied.** Werklike hulp kan miskien selfs van die mees onverwagte oord kom."

Italië gee voor dat hy die fascisme deur 'n demokratiese regeringsvorm vervang het — die ding waarvoor Engeland en Amerika veronderstel word voor te veg. **Die resultaat in Italië blyk 'n oorwinning vir die kommunisme te wees.** En ook Churchill is bewus van hierdie gevaar, daarom dat hy onlangs verklaar het dat Brittanje nie begerig is om Italië te beset en orde te handhaaf as daar anargie ontstaan nie. **Dit moet dus teen hierdie tyd vir elkeen duidelik wees dat die demokrasie iets van die verlede is. Dit kan die beskawing nie meer red nie. Ons gaan 'n nuwe tydperk tegemoet, die tydperk van sosialisme. Hierdie sosialisme kan nasionaal wees of anti-nasionaal (d.w.s. kommunisties).** Die toekomstige orde van die wêreld gaan wees 'n **nasionale** vorm van sosialisme — soos die Ossewabrandwag voor stry — of 'n **kommunistiese** vorm van sosialisme. **Neem die eerste weg, neem die Ossewabrandwag weg, en die Kommunisme gaan die baas wees.**

**Diegene in ons land wat dus nog veg vir die demokrasie en die Volksbeweging wil vernietig, veg vir die oorwinning van die kommunisme net soos Engeland en Amerika tans vir die oorwinning van die kommunisme in Italië veg.**

### KOMMUNISTE WEN

Die kommuniste het 'n groot oorwinning in die Kaapstadse stadsraadsverkiesing verlede week behaal. Albei hul kandidate, S. Kahn en mev. G. Sachs, het hul teenstanders, waarvan een 'n voormalige lid van die Stadsraad en vooraanstaande Verenigde Party-lid is, met groot meerderhede verslaan. **Waar daar genoeg stemgeregtigdes is, kan die krag van die kommunisme gevoel word. Ongelukkig is die stembus nie die enigste middel waarmee die rooi vlag geplant word nie — soos die moederland van die kommunisme, Rusland, self luid getuig.**

### JEUGOFFERS

'n Paar lede van die Boerejeug in die kommando CIOb8 (Vryburg) het met die oog op Ossewabrandwagdag geldjies gespaar. Kittie en Sannie Jordaan (8 en 3 jaar) het 8s. gegee, Hilda en Dollie Uys (11 en 9 jaar) 10s., Susanna en Engela Rossouw (7 en 3 jaar) 10s. en Lettie Jordaan (6 jaar) 1s. 9d.

**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**

'N

GULDE GELEENTHEID

IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25.000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200.000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris Posbus 6670.
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M ..................................................

..................................................

DIE O.B., WOENSDAG, 15 SEPT.

# Die Taalstryd

Dat die Britse Empire-bouers in Suid-Afrika nie sal aarsel om die karakter van die Afrikaanse skool aan te tas deur die taalmedium af te water as hy die geleentheid daartoe kry nie, is 'n waarheid wat nie alleen deur die geskiedenis bewys word nie, maar ook deur die geredelikheid waarmee die Britse pers 'n paar weke gelede „die handskoen opgetel het" in belang van dubbelmedium-skole toe hierdie saak op onbedagsame wyse in die partypolitiek gesleep is. Die verklaring van Churchill voor die Harvardse studente dat Engels nog verder oor die aardbol versprei moet word, is 'n verdere onderstreping van die betekenis wat die Brit heg aan die taal as band om 'n empire te handhaaf of te vernietig.

Ons volk kan die Afrikaanse kerke daarom dankbaar wees dat hulle op hierdie stadium, waar daar moontlikheid bestaan dat ons taal weer in gevaar gestel kan word, in die bresse gespring en 'n ondubbelsinnige houding in verband met die vraagstuk ingeneem het. Deur die tydige optrede van die kerklike afvaardiging by genl. Smuts is verhoed dat hierdie belangrike saak in die partypolitiek gesleep is waar dit vir die Afrikanerdom by voorbaat 'n verlore saak sou gewees het. Genl. Smuts het sekere versekerings aan die Kerk gegee. Dit is nie ons doel om daardie versekerings as 'n waarborg teen die Britse aanslag voor te hou nie, maar die toegewing van genl. Smuts aan die afvaardiging ten opsigte van die noodsaaklikheid van 'n Afrikaanse skool met 'n afsonderlike karakter, het ons 'n wapen in die hand gegee waarmee ons enige latere aanslag wel die hoof sal kan bied mits ons die saak buite die partypolitiek hou. **Agter genl. Smuts staan duisende Afrikaners wat die Afrikaanse partypolitiek geneig is om as hanskakies of verraaiers te verwerp, maar wat die Volksbeweging as volkslede beskou sonder wie se hulp dit vir ons nooit moontlik sal wees om 'n Afrikanertoekoms uit te werk nie. Weens die kunsmatige verdeling wat die partypolitiek skep, was daar tienduisende goeie Afrikaners onder die nagenoeg 300,000 kiesers wat tussen die Nasionale Party en oorwinning staan. Hierdie tienduisende moet teruggewen word vir ons volk voordat ons kan hoop om ons geledere met vreemdes te versterk.**

Wanneer genl. Smuts nou die noodsaaklikheid van die Afrikaanse skool erken — wat hy nie sou gedoen het as die saak in die partypolitieke gedrang gekom het nie — **beteken dit dat sy Afrikaanse volgelinge daardie beginsel saam met hom erken, ongeag of ons genl. Smuts se woord aanneem of nie. Deur die strydpunt buite die partypolitiek te hou, kan ons uiteindelik op die steun van hierdie Afrikaners reken wanneer die groot aanslag eenmaal kom.** Maar deur dit nou 'n voorwerp van partypolitieke getwis te maak, word hierdie politieke volgelinge van genl. Smuts net opnuut weer in die harnas gejaag teen die belange van hul eie volk. Ons stoot hulle daardeur steeds verder, in plaas van om hulle nader te trek waar daar samewerking wel moontlik kan wees. Daarom sê ons kan die volk die Kerk dankbaar wees dat hy hierdie oorwinning vir die Afrikanerdom behaal het — die oorwinning naamlik om die saak buite die partypolitiek te hou en 'n erkenning van genl. Smuts te ontvang dat die Afrikaanse skool reg het op 'n suiwere voortbestaan. En nie minder belangrik nie is die erkenning dat godsdiens onmoontlik in 'n gemengde skool onderrig kan word.

Ons wil dit hier as 'n stelling neerlê **dat niks wat deur die partypolitiek verkry word, duursaam van aard is nie.** Daar word baie vertel hoe die Nasionale Party 'n posisie vir Afrikaans verower het. **Daardie posisie het verower gebly net so lank as wat die Nasionale Party oorwinnings kon behaal. Wat het vandag van Afrikaans in die staatsdiens geword? Wat het van Afrikaans in die radiodiens geword, en wat het van Afrikaans aan die U.K.O.V.S. geword?** Die Vrystaatse Provinsiale Raad kan nog oorwinnings vir Afrikaans behaal solank 'n nasionale party oor die meerderheid in daardie Provinsie beskik, **maar buite daardie Provinsie en sover dit die magte van die Uniale Regering betref, staan ons partypolitiek magteloos.** Indien ons dus iets bestendigs vir ons volk wil bereik — en nie net seepblasies wat na elke vyf of tien jaar deur 'n oorwinnende teenparty geprik word nie — **is ons eerste taak om ons volk buite en bo die partypolitiek te verenig soos die Ossewabrandwag dan ook wil doen.** En intussen, as daar stryd te voer is oor sake wat ons volksbestaan raak, laat dit gedoen word deur ons volk as geheel. **Maar laat ons daarteen waak dat Afrikaners wat andersins bymekaar sou staan, teen mekaar in die harnas gejaag word omdat daar van volksvraagstukke „planke" gemaak word vir die een of ander politieke party wat maar op sy beste net 'n deel van die volk verteenwoordig.**

Van een ding kan die vyand egter verseker wees: as die taal van die Afrikaner in gevaar gestel word, sal die Ossewabrandwag 'n bolwerk daarteen vorm. En sy lede, wat verteenwoordigend is van die hele volk ongeag partypolitieke grense, sal veg met die krag van die DAAD omdat hulle nie vir stemme veg nie, maar vir die bestaan van 'n volk.

# Min of Meer Belangrik

## *Taal as Empire-band*

By geleentheid van 'n akademiese plegtigheid het Winston Churchill aan die studente van die Harvardse universiteit nuwe moontlikhede van Angel-Saksiese imperialisme voorgehou. Blykbaar in die besef dat dit gedaan is met die Britse goud-imperialisme en dat die senior vennoot oorkant die Atlantiese Oseaan met die Empire-boedel sal heengaan — miskien nog voor die einde van die oorlog — het hy sterk aangeleun op die Britse taal. **„Ek sien geen rede waarom ons gemeenskaplike taal nie verder oor die aardbol versprei sal word nie,"** het die imperialis gesê. „'n Paar maande gelede het ek die Britse kabinet beweeg om 'n komitee aan te stel om verslag oor basiese Engels te doen," het hy daaraan toegevoeg, en verder ook gesinspeel op „diens aan die mensdom" wat die twee Angel-Saksiese lande sal kan verrig.

**Dit is nie onbelangrik dat 'n oorlaaide Britse kabinet gedurende oorlogstyd nog ondersoek moet instel na die waarde van die Engelse taal nie, veral nie as die huidige oorlog juis ten behoewe van imperialisme gevoer word nie.** Churchill besef maar alte goed die waarde van die taalband. 'n Engelsman wat Afrikaans praat, is nie meer 'n Engelsman nie net soos 'n Afrikaner wat Engels praat, nie meer 'n Afrikaner is nie. As die hele aardbol Engels praat, sal die hele aardbol Brits wees. Die belangrikheid van hierdie stelling vir ons is dat daar geen Afrikaanse of Suid-Afrikaanse volk kan bestaan van wie die helfte Afrikaans en die ander helfte Engels praat nie. 'n Staat met twee tale is 'n voorbereidende of verbygaande verskynsel. Eers wanneer die hele volk een en dieselfde taal praat, kan daar sprake wees van volkseenheid. Sonder om gebruik te maak van geweld of dwang, behoort dit die doelwit te wees waarop in ons land afgestuur moet word.

* * *

## *Nood Leer Bid*

Reuter het met groot blydskap die afgelope week berig dat Stalin toestemming verleen het tot die herstigting van 'n sinode van die Ortodokse Kerk in Moskou. Na 'n onderdrukking van 26 jaar is hierdie vergunning aan die Kerk inderdaad nuus. **Hierdie vergunning van „premier" Stalin beteken geen bekering nie. Solank hy sterk was en sonder die hulp van die gelowiges kon klaarkom, het hy hulle onderdruk.** Vandag dat hy hul hulp nodig het om sy diktatuur op die slagveld te beskerm, gee hy gewilliglik 'n bietjie skiet — **totdat hy weer sterk genoeg is.** Die nood leer bid, sê die spreekwoord.

## *Kommuniste Begin Opsaal*

Die besture van die Arbeidersparty en die Kommunistiese Party het mekaar verlede week deur middel van afvaardigings ontmoet en 'n gesamentlike verklaring is uitgereik waarin gewag gemaak word van moontlike samewerking in die toekoms, wat tans oorweeg word. Die kommuniste is dus fluks aan vorder met hul ou bekende „volksfront" wat in Spanje die voorloper van die revolusie was.

* * *

## *Christelik-Nasionale Skole*

Die Ring van Langlaagte (N.G. Kerk) het verlede week eenparig besluit om by die aanstaande Sinode aan te beveel dat die Sinode in samewerking met goedgesinde susterkerke die stigting moet oorweeg van enige Christelik-nasionale skole aan die Rand met die oog op die bedreiging van Afrikaansmedium-skole en die gehalte van godsdiensonderwys aan die staatskool. In verband met godsdiensonderrig is daar ook besluit dat dit 'n deel van die leerplan moet vorm en dat die Christelike geloofsleer daarby inbegrepe moet wees

Die besluit van die Ring tref 'n ernstige leemte in ons onderwys wat lankal roep om herstel. Die Afrikaanse skole wat in die jongste tyd so in die gedrang gekom het, dra op verre na nog nie 'n eg Afrikaanse karakter nie; hulle is neutraal. Voordat hulle nie 'n Christelik-nasionale gees in die ware betekenis van die woord adem nie, kan ons nog nie van Afrikaanse skole praat nie. Dit is dan ook te hope dat ons volk as geheel hom sal beywer om daardie eg Afrikaanse skool tot stand te bring langs 'n weg wat die beste sal slaag. Daarvoor is eerste voorwaarde dat die saak buite die partypolitiek gehou moet word.

## PAARL SE BRANDWAGTE ALMAL TEENWOORDIG

By geleentheid van die insameling vir Ossewabrandwag-dag het die vroue van die Paarlse kommando 'n week voor die tyd hul handwerk in die groot venster van hul vriendskapsentrum uitgestal. Dit het groot belangstelling by die publiek gewek en die twee handwerktafels het die bedrag van £75 ingebring.

**Van belang is ook die groot bydrae van die Boerejeug. Hul tafel het die pragtige bedrag van £35 ingebring.**

Groot geesdrif het geheers en ondanks die ongunstige weer was feitlik alle O.B.-lede teenwoordig — soos die opbrengs van £700 dan ook getuig. 'n Voorbeeld van die geesdrif blyk uit die bod van £2 10s. vir 'n Voortrekkerkommetjie by die opveiling van goedere.

## *Volkswye Aksie Gevra*

'n Groot protesvergadering teen die terugwaartse stap aan die U.K.O.V.S. in verband met die Afrikaanse taalbeleid is verlede Donderdag in Bloemfontein gehou waaraan die studente op skouspelagtige wyse deelgeneem het. Op voorstel van dr. P. J. Jooste van die Geref. Kerk is besluit om met Afrikaanse liggame dwarsdeur die land in voeling te kom om 'n landswye aksiekomitee saam te stel om alle nodige stappe te doen ter bestendiging van moedertaalmedium-onderwys.

Hierdie voorstel dui die regte rigting aan. Soos in ons hoofartikel beklemtoon, kan ons 'n aanslag op ons taal van Britse kant verwag. Daarteen sal die hulp van elke Afrikaner nodig wees, en waar die aanslag op die U.K.O.V.S. — van imperialistiese kant aangevuur — klaarblyklik 'n partypolitieke kleur dra met die doel om die verset van 'n deel van die Afrikaners deur middel van partytrou onskadelik te maak, is dit noodsaaklik om die optrede [illegible]yd en nie-politiek moontlik te orga[illegible]. Die vraag kom ook op of ons volk [illegible] hierdie opskudding nie gebruik kan maak nie om 'n landswye beweging op tou te sit vir Christelik-nasionale onderwys, d.w.s. vir iets beters as die huidige neutrale skole.

## CALEDON

Die kommando's A4d1 en A4d6 van Caledon het by geleentheid van O.B.-dagviering £72 10s. ingebring, terwyl kommando's A4d2 en A4d7 se opbrengste £42 was, wat 'n vermeerdering van sestig persent is op verlede jaar.


MARKAGENTE

Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee,
Groente, Vrugte,
Voer en Vee.

Volkskopermark
BPK.

MÔREMARK, NEWTOWN,
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62,
JOHANNESBURG.


# K.G.-VERJAARDAGVIERING

Die verjaardag van die Kommandant-Generaal word op

## 25 September, te Pretoria

op die Louis Trichardtplein (Klipkoppies) gevier.

Alle Brandwagte en O.B.-gesindes is hartlik welkom. Kom vier saam fees!

**4 nm.:** Aankoms en Verwelkoming van K.G.

**8 nm.:** Gelukwense, aanbieding van geskenke en toespraak van K.G.

**MIDDAG EN AAND: VOLKSPELE, JUKSKEI, BRAAIVLEIS, ENS.**

## AANDAG:

1. Dames (ook van ander generaalskappe) wat aan die **Erewag** wil deelneem, moet om 3 nm. op die terrein wees in uniform of Voortrekkerdrag.

2. Alle offisiere met die rang van Generaal (Generale) en hoër asook afdelingshoofde word uitgenooi om aan die **Aandete** saam met die K.G. deel te neem. Hulle moet egter die Stafoffisier, Generaalskwartier, Sanlamgebou 616, Pretoria, **van hulle oorkoms in kennis stel voor 21 September.**

3. Jeugoffisiere (Kommandant(e) en hoër) word uitgenooi om om 9 nm. saam met die K.G. koffie te drink. Stel Hoofkomdt. M. M. Smith, Sanlamgebou 616, Pretoria, van oorkoms in kennis voor 21 September.

4. Offisiere wat opdrag het om geskenke aan te bied, moet die bevelvoerende offisier op 25 September voor 3.30 nm. by die Hoofkwartier op die terrein daarvan in kennis stel.

# Volkskandidaat vir Kimberley: H.N.P. Lede Willig In

Nadat die lede van die H.N.P. die Ossewabrandwagfunksie op 7 Augustus bygewoon het, het genl. Ben Vorster van Kimberley 'n byeenkoms van die Party te Herbert bygewoon waar hy 'n toespraak gehou het oor die volk van Suid-Afrika, en die aanbod van die O.B. ook verduidelik het. Na afloop van sy toespraak het die voorsitter, oom Piet Smal, die Generaal se hand geneem en gesê dat hy sien wat sy doel met ons volk is en dat hy onderneem om van die Provinsiale Raadsverkiesing 'n volksaak te maak. Kort daarna het mnr. Smal die aspirant-kandidaat en genl. Vorster bymekaar gebring waarop die kandidaat ingewillig het om hom as volkskandidaat te laat nomineer. Genl. Vorster het daarop verklaar dat hy die stryd op hom neem sodra die kandidaat genomineer is as volkskandidaat.

Baie nuwe lede het reeds by die Ossewabrandwag in daardie omgewing aangesluit.

(Berig deur J.J. Venter, Sasbankgebou, Bloemfontein.)

## MIN. STEYN WEIER KERKE SE VERSOEK

### Kommunisme sou vir S.A. Geen Bedreiging Wees

Min. Colin Steyn, wat enige maande gelede ontpop het as die beskermheer van kommunisme in Suid-Afrika toe hy hierdie ondergrondse beweging as 'n wettige party erken en onderneem het om hulle teen optrede van die polisie te vrywaar — en die daad by die woord gevoeg het deur hul swart sekretaris uit die tronk vry te laat sonder verhoor — het nogmaals in die bresse getree vir hierdie ondergrawers van die Christelike beskawing. In 'n skriftelike antwoord op die dringende versoek van die Gefedereerde N.G. Kerke aan die Regering om teen die kommunisme op te tree, verklaar hy dat hy nog geen rede sien om af te wyk van sy standpunt van 1941 wat hy ingeneem het na aanleiding van 'n memorandum wat deur 'n afvaardiging van al die Afrikaanse Kerke aan hom voorgelê is nie.

Hy verklaar dat hy sy departement en ook die polisie geraadpleeg het en dat dit hom oortuig het dat sy antwoord ten volle geregverdig was. Ons weet nie wie so in die polisie geraadpleeg is nie, **maar wat ons wel weet is dat die polisie dit so raadsaam geag het om teen die kommunisme op te tree dat die kommuniste 'n afvaardiging na die Minister gestuur het om hul nood by hom te gaan kla oor die „inmenging" en „vervolging".** Dr. Steyn het toe beloof om persoonlik ondersoek in te stel na die polisie se bedrywigheid teen die „wettige organisasie". Hy het die kommuniste verseker dat daar nie teen hulle „gediskrimineer" sal word nie.

Dit is, volgens die Minister, dieselfde polisie wat hom nou geadviseer het dat hy nog altyd reg was in sy houding teenoor die kommunisme!

Maar ons kan maar net lees wat dr. Steyn se buitengewone komitee wat moes ondersoek instel na 'n kommissie van ondersoek se verslag(!) van ons polisie sê om te kan raai wat hy self van die wysheid van ons polisie dink. Hierdie super-komitee het as volg gerapporteer: „Daar is gesê dat die lede van die polisiemag wat tans in groot mate in plattelandse gebiede gerekruteer word, **nie met die uitkyk van die klasse met wie hul werk hulle in stedelike gebiede in aanraking bring, simpatiseer en dit nie begryp nie."**

**Omdat die polisie nie simpatiseer met die klasse met wie hulle in die groot stede in aanraking kom nie — net soos die Afrikaanse Kerke dit volgens die Minister se opvatting seker ook nie doen nie — moet hulle oorsee gestuur word.** So beveel die superkomitee aan. Hy sê egter nie of hulle na Londen of **Moskou** gestuur moet word om te gaan leer simpatiseer met die klasse met wie hulle in aanraking kom nie.

En dan het die Minister van Justisie die onbeskaamdheid om die polisie in te roep as getuie vir die onskuld van sy kommunistiese troetelkindjie!

Dat die polisie anders as dr. Steyn oor hierdie bedreiging dink hoef mens nie in ministeriële geskrifte te gaan opsoek nie en nog minder in sy versekerings: **hul optrede teen die rooi gevaar voordat die Minister beloof het om persoonlik ondersoek daarna in te stel, spreek 'n duidelike taal — dieselfde taal wat die Kerk en alle vaderlandsliewende Afrikaners spreek.**

## *VERJAARDAGKETTING*

**16 Sept.:** Stephanus Westraat (Kirkwood), Johannes Westraat (Kirkwood), Gesina van Greunen (Kirkwood).

**17 Sept.:** Nicolaas Christiaan du Plessis (Merweville), Bagetel Symington (Sutherland), Willem Els (Pk. Stella), Karel Jakobus Coetzee (Wilgenhoutsdrift).

**18 Sept.:** Llewellyn Bohlmann (Paarl), Pieter Johannes Lodewyk Verster (Pietersburg), Joan van Niekerk Kaapstad), Karel Petrus v. d. Walt (Pk. Beauty).

**19 Sept.:** Hester le Roux (Stellenbosch), Jacoba van der Westhuizen (Kakamas), Samuel Christoffel du Plessis (Merweville), Tilla Dempers (Parow), Marais Olivier (Sutherland).

**20 .Sept.:** Christina Bourmeester (Eppingtuindorp), Willem Hanekom (Malmesbury), Mervyn Langeveldt (Woodstock), Heinsie Malherbe (Franschhoek).

**21 Sept.:** Elena Gericke (George).

**22 Sept.:** Marie Barnard (George), Florina Jacoba Olivier (Lambrechtsdrift), Hugo van Aarde (Malmesbury). Michael Kitshoff (Woodstock).

## BYNA DRIEVOUDIGE VERMEERDERING

Groblershoop se funksie vir Ossewabrandwagdag het sowel wat opkoms as insameling betref, 'n groot verbetering op verlede jaar getoon. Ook Afrikaners van ander organisasies het ruimskoots deelgeneem. Die totale opbrengs van net die een kommando was £80 waarvan £13 12s. deur die vroue met woekergeld ingebring is. Dit is 'n verbasende verbetering as in aanmerking geneem word dat dieselfde kommando met behulp van die Marydale-veldkornetskap (wat vanjaar hul eie funksie gehou het) verlede jaar maar £37 ingebring het.

Genl. D. Strauss het in 'n toespraak die oë gevestig op die groot terugslae wat ons volk in sy stryd gely het en gevra of dit moontlik is om jou vertroue te verloor in 'n volk wat in sy wordingstadium sulke terugslae verduur het en nog bestaan.

Hfkomdt. J. H. Gouws en komdt. Scholtz het die gehoor tot aksie uitgedaag deur elk £5 te belowe indien daar £10 uit die gehoor kom. Hulle moes hul £5 stort.

## GEE DIE O.B. AAN 'N ANDERSDENKENDE

**Die Ossewabrandwag sal oorwin deur die krag van sy idee. Gee daarom u blad aan minstens een andersdenkende Afrikaner sodat hy vertroud kan raak met ons gedagtes!**

## AAN BERIGGEWERS

Persone wat vir ons berigte in verband met hul kommando's met die oog op publikasie stuur, moet asseblief die naam van die kommando noem en nie net die kodenommer nie. Laasgenoemde is alleen vir kantoorgebruik van belang en nie vir ons lesers nie.

Die Boerejeug van Rietbron (Willowmore) het op 7 Augustus hul eie tafel gehad wat £7 10s. opgebring het.

# *Opdrag tot Gesamentlike Viering van Heldedag.*

**Genl. J. A. Smith, Organisasieleier van die Ossewabrandwag, het onderstaande opdrag uitgereik in verband met die viering van Heldedag:**

Ossewabranwag-offisiere moet dwarsdeur die land sorg dat reëlings getref word vir die viering van Heldedag (10 Oktober) wat op hande is. Weens die feit dat die tiende op 'n Sondag val, sal die meeste funksies waarskynlik Saterdag, 9 Oktober, gehou moet word. Waar van ander as Ossewabrandwagkant ook georganiseer word deur Afrikaners met die oog op 'n viering, moet Ossewabrandwagkragte daarby ingeskakel word ten behoewe van 'n gesamentlike poging. Ossewabrandwag-eenhede moet, indien hulle as sodanig deelneem, in geslote gelid optree.

Van die geleentheid moet ook gebruik gemaak word om op elke moontlike wyse en in ooreenstemming met plaaslike omstandighede, gelde in te samel vir die O.B.-Noodhulpfonds. Daardeur betoon ons nie alleen tasbaar ons erkentlikheid nie, maar doen ons ook ons plig as volksgenote teenoor hulle wat vandag ly soos ander in die verlede gely het in die gesamentlike stryd vir God, Volk en Vaderland.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0213.

Schoemanello Drank/...

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn. F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ____________________

Naam ____________________

Adres ____________________

(O.B., 18 Aug. 1943.) ____________________

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,

JOHANNESBURG

POSBUS 3512 FOON 22-3512

## *Geklassifiseerde Advertensies*

Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Kaapland stuur aan Posbus 1411, Kaapstad. Transvaal, Vrystaat en Natal stuur aan Posbus 4892, Johannesburg.

### GEBOORTE

CILLIERS. — Op 4 September, 'n fris seun aan Komdt. en Veldkte. Gert Cilliers (Janie Olivier) Beaufort-Wes. Naas die Heer dank aan dokter en verpleegsters.

FOUCHÉ. — Aan Komdt. en H/Veldkte. J. H. Fouché, van Bloemhof, 'n fris Stormjaer-seun. Die Van Rensburg-jeug groei aan.

### PERSOONLIK

Hiermee wens sers. en mev. Wessel van Sittert van die Petrus Steyn-Kommando, wat vertrek het na Heuningspruit, al hulle vriende en mede-Brandwagte wat hulle nie 'n handdruk kon gee nie te groet en die beste seën toe te wens. Laat die stryd wat ons vaders begin het woed tot ons sterf of oorwin het.

### BENODIG

FLUKSE blanke dame om baba van 11 maande op te pas en klein huishouding waar te neem. Alleen verantwoordelike, betroubare en netjiese persone hoef applikasie te maak. Goeie huis vir geskikte persoon. Salaris £4 per maand. **Mev. S. Schultz, „Margate," Central Drive, Kampsbaai, Kaapstad.**

PLAASVOORMAN vir algemene boerdery. Moet deeglike kennis hê van selfbindermasjien. Salaris vir getroude man £10 per maand met vry huis en ander toelae. Doen aansoek: **J. A. Duminy, Loevenstein, Bellville.**

BESTUURDER, knap en eerlik vir wingerdplaas in Worcester distrik. Kennis van wingerd en besproeiing nodig. Goeie kans vir die regte man. Besonderhede: **Adverteerder, Bus 11, Prins Alfreds Hamlet.**

### ONMIDDELLIK BENODIG

**BAKKER** met goeie ondervinding van brood, bolletjies en koekies bak. Meld salaris verlang en vroegste datum waarop dienste begin kan word. Rig applikasies aan **W. H., Die O.B., Posbus 1411, Kaapstad.**

### BETREKKING GEVRA

JONG Afrikaner-dogter, 18 jaar oud soek 'n betrekking by 'n Afrikanerbesigheid. Matrikulasie-eksamen geslaag; tweetalig en het vier jaar opleiding in snel- en tikskrif. Sal enige tyd dienste aanvaar. Doen aansoek: **J. Thiart, Bergland, Eendekuil.**

AFRIKANER, ongetroud, vra 'n betrekking as werktuigkundige op 'n plaas. Ondervinding van plaasgereedskap, trekkers, vragmotors ens. Getuigskrif van bevoegdheid en karakter. Skryf aan **Mick Schmidt, P/S. Voortrekkers, oor Lydenburg, Tvl.**

### BETREKKING

BENODIG — 'n Ongetroude man, met kennis van Grofsmidwerk. Vir verdere besonderhede skryf aan **B. Smit, Avoca, Thaba'Nchu.**

BENODIG. — Jong dame as klerk in melkery. Diens kan onmiddellik aanvaar word. Doen aansoek aan: **Durr'se Duinefontein Melkery (Edms.) Bpk, Hoofweg, Claremont.**

### TE KOOP

LEMOENE. — Valencia-lemoene, lemmetjies en Pomelos (grape fruit) 2/6 per sakkie hier, vir nie minder as 5 sakkies. K.M.B. **H. S. Visser, Elandsfontein, Clanwilliam.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

DE LA ROCHE, Geregistreerde Jersey Stoetery. Wenner van 14 pryse, insluitende twee Kampioenskappe op Paarlse Tentoonstelling 1942. Verse en jongbulle gewoonlik op hande. **Andre du Toit, Noorder Paarl.**

LOOGAS teen 8/- per 100 lbs., gelewer Plathuis-spoorhalte. K.M.B. **A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.**

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

PATATRANKE. — Mooi uitgespruite Sesmaande ranke, 5/- vir 85 pond; Driemaande wit, 4/6 vir 45 pond; Borrie, 4/6 vir 45 pond. Gelewer Serpentine Sylyn. K.M.B. **J. Gerber, P/sn., P.K. Hockwil, Dist. George.**

PATATRANKE van die beste gehalte. Sesmaande ranke teen 5/- vir 85 pond. Witranke, Driemaande teen 4/6 vir 45 pond. **K.M.B. S. P. Gerber, P/S. Serpentine, Dist. George.**

AARTAPPELMOERE. — Bied aan Arranchief-moere met A-sertifikaat teen 25/- per sak. Ook ongesertifiseerde moere, maar goed, 20/- per sak 153 pond V.O.S. George-stasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by **H. D. Metelerkamp, Grootboek, Posbus 47, George.**

ROOIGROND patatranke. Sesmaande ranke 5/6 vir 85 pond; Driemaande 5/- vir 45 pond; Borrie-patatranke 5/- vir 45 pond. Kontant met bestelling. Tevredenheid gewaarborg. **B. H. Gerber, Olifantshoek, P.K. Hockwil, Dist. George.**

DAG-OUD Australorps, Leghorns; Ook die kruis tussen 'n Australorp haan en 'n Leghorn hen. Uitgebroei deur die (Kampioen) 8,000 Secura-broeimasjien. Vanaf 21ste September teen £5 per 100. K.B.A. Skryf aan **H. R. Malan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoneer 6203.**

DIE **Rosserwe Melkery en Slagtery,** High straat 143 en 107, Brixton, vir melk en vleis van die beste gehalte. **Ons besigheid is 100% Afrikaans.**

PATATRANKE. — Eersteklas sesmaande droë grond patatranke teen 5/- vir 85 pond. Patats teen 12/- per sak. Gelewer op Mosselbaaistasie. K.M.B. **Johannes Terblanche, Bus 75, Mosselbaai.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wageneer. Klip Rivier. P.K. Speelmanskraal, George.**

50 STERK gewortelde Poinsettia-boompies teen 1/6 per boompie. Posvry per 5 bome of meer. K.M.B. **J. J. Smith, Van Reyneveldstraat, Stellenbosch.**

### KURSUS

KOM na Graaff-Reinet vir u Kursus in (nuwe) Volksang en Volkspele, gedurende die September-vakansie. Spesiale aandag aan onderwysers(esse) vir leiding gee en getuigskrifte. Besonderhede van: **Jan Haarhoff, Bus 115, Graaff-Reinet.**

### HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
**Posbus 660 — JOHANNEBURG**

Kolossale voorraad van ons beroemde **Vrugtebome,** alle soorte, vroeg tot laat. **Rose** in bekoorlike Versamelings. Honderde bestellings reeds gereserveer, bespreek nou u benodighede vir Winterplantseisoen 1944, u voorkom daarmee teleurstelling, u kry u gekoosde soorte, super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid.

Sierstruike, Uitlandse bome, Bloekom, Denneboompies, Heiningplante en Palms vir Somerplanting.

Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters.

*Ten spyte*
van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid
**Damesuitrusting**
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE
L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

## *Belangrike Boeke*

**Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. .. **6/6** p.v.

**Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. **6/6** p.v.

**Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam **6/6** p.v.

**Skandinawiese Vertellinge** .. **4/6** p.v.

**Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar **6/6** p.v.

**Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. .. .. .. **1/6** p.v.

**Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. .. **5/6** p.v.

**Stuur u bestelling aan**
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Die Laan — Stellenbosch

116 Takke 44,000 Lede — **AVBOB** — Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**
**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**
**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

### W. F. CARSTENS
(Edms.) Bpk.
**BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE**
**Centralweg 52, Fordsburg**
**Beckettsgebou, Presidentstraat, Johannesburg**
**DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG**

## DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. — Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: **D. D. DE KOCK**
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

**V.M.K. AANBEVEEL.**




## O.B.-NOODHULPFONDS

### GEBIED A
(25 Julie tot 25 Augustus)

Weeklikse bydrae, Veldskoenkring £1-10-6; Vir Schoeman-fonds, A 14—16 £6; Maandelikse bydrae, A8b1 en Maandelikse bydrae, A8b6 £10-10-0; Maandelikse bydrae, A14a7 £1-2-6; A10c3 £36-6-0; Mev. M. C. Lubbe, Tiervlei 5/-; Maandelikse bydrae, vriend, Kaapstad £2; Maandelikse bydrae, vriend, Eppingtuindorp 5/-; Offergeld, Kaapstad 5/-; A11a2 en A11a7 £14-1-4; Weeklikse bydrae, Veldskoenkring £1-15-9; A1a4 3/-; Vriend, Bellville 10/-; Kollekte vriende, Bellville 11/-; Generale mev. J. S. du Toit £5; Nie-O.B.-lid, deur A3b6 £3; A1b3 £5-19-0; Weeklikse bydrae, Veldskoenkring £3-8-2; A10c7 £10-18-6; Rampokkers Lys No. 3 £3-11-0; Vriend, Mowbray £2; A10b6 £6; Maandelikse bydrae A10c8 £4-16-6; Mnr. E. S. Venter, Kaapstad £2; Karoobossies, Kaapstad £2-10-0; Offergeld, Boer, Kaapstad £3-7-6; H/Komdt. S. J. Krynauw £10; Vriend £7; Vriend 2/6; Mnr. Spies, Worcester 10/- A15c2 en A15c7 £6-7-0; A2b2 £3-12-6; Weeklikse bydrae, Veldskoenkring £4-4-4; A15b7 £3-1-6; Vriend, Eppingtuindorp 5/-; Totaal: £162-18-7.

### GEBIED B

Barkley-Oos-Kommando, B2b1 £50; Adelaid Kommando, B3b6 £2-6-0; Mnr. L. Coetze, Cradock, B1a1 £5. Totaal: £57-6-0.

### GEBIED C

C2a1 10/-; C2b1 £3-14-0; C3a8 £6; C3c2 en C3c7 £12-10-6; C3c1 £5-6-6; C3c6 £3-15-0; C4a7 £3; C4b4 en C4b6 £10-18-0; C4c2 en C4c7 £8; C4c6 £4-3-0; C4c7 £1; C5a2 £5; C5a7 £11-5-8; C5b1 £2-2-0; C5b3 £2; C5b6 £5; C6c9 £3-3-0; C7a2 £20; C7d6 £1-10-6; C8b8 £2; C8d6 £1; C8e7 £1; C9c8 17/-; C9d1 £4-7-0; C10a2 £11-10-0; C10a3 £4; C10a7 £1-8-6; C10b6 18/-; C11b6 £13-19-9; Hoofkwartier-staf 19/-; Vriend, Bloemfontein £1; Vriend, Bloemfontein 10/-; J. G. Kriek, Bloemfontein 10/-. Totaal £152-17-5.

### GEBIED E

1b7 £4-4-6; 1c2 £17-7-6; 1c3 £8-14-3; 1c8 £5-19-0; 2a2 £10-15-9; 2a8 £5-8-0; 2b2 £10-8-0; 2b3 9/6; 2b6 £14-2-0; 3 £5-10-3; 3a3 £2-19-0; 3a8 £5-9-0; 3b1 £1-19-0; 3b2 £2-15-0; 3b3 £10-14-0; 3b6 £1-2-0; 3c2 £11-9-6; 3c6 £8-8-0; 3c7 £15-4-0; 3c8 £1-18-0; 4b7 £17-3-9; 4c8 £8-10-0; 5a1 £3-3-0; 5a2 £3-3-0; 5a3 £11-14-3; 5a4 £5-7-6; 5a7 £1-3-0; 5a8 £3-10-0; 5b1 £8-5-6; 5b2 £6; 5b3 £4-9-6; 5b6 £4-11-0; 5b7 £5-11-0; 5b8 £10-16-0; 5c1 £20-14-0; 5c2 £24-16-3; 5c3 £33-9-0; 5c6 £3-15-6; 5c7 £6-16-6; 6a2 £15-18-9; 6a6 £3-3-9; 6b3 £2-14-0; 6b7 £3; 7c6 £27; 8a £6-2-0; 8a2 £2-4-7; 8a4 £18-5-0; 8a5 £8-12-0; 8a6 £6-17-6; 8c 5/-; 8c1 £3-7-9; 9a1 £10-18-0; 9a7 12/-; 9b1 £7-8-3; 9b3 £5-16-0; 10c2 £7-3-6; 10c7 £7-3-6; Bydra £8-9-6. Totaal £472-16-1.

### GEBIED F

Kommando 3c7 £5; Mnre. J. Nel, S. L. Combrinck, J. Deysel, H. de Lange £22-18-0; 2c6 £7-2-6; 2a2 £15-5-0; 1b2 £7-15-3; 2a1 £7-7-9; 1a2 £25-16-9; Pietersburgse Vriend £1; 1b6 £10; 5c2 £9-0-6; Mev. De Lange £2; Kommandante G. v. Graan £42-19-9; 2b8 £2-19-2; 1b7 £10-10-6; 2b2 £8-4-0; 2b8 £3-6-4. Totaal: £181-5-6.

### BOEREJEUG

Papendorp-Boerejeug 10/-; August Kuhn, Williston 12/-; C. Dumas, Kuilsrivier £1-12-9; Jeugkommando JF2 £2-14-2. Totaal £5-8-11.

(Vorige bydraes van die Boerejeug is saam met die algemene bydraes erken. Voortaan sal dit afsonderlik erken word).

**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

## „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"

*DIE PRENT VAN DIE JAAR.*

Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.

Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese tonsel in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf-Vertoning.)*

IN KAAPLAND, GEBIED A:

| | | | |
|---|---|---|---|
| HOFMEYR .. .. .. | 14 Sept. | BARKLY-OOS .. .. | 22 Sept. |
| CRADOCK .. .. .. | 15 Sept. | LADY GREY .. .. | 23 Sept. |
| TARKASTAD .. .. | 16 Sept. | ALIWAL-NOORD .. | 24 Sept. |
| STERKSTROOM .. | 17 Sept. | BURGERSDORP .. | 25 Sept. |
| DORDRECHT .. .. | 18 Sept. | JAMESTOWN .. .. | 27 Sept. |
| INDWE .. .. .. .. | 20 Sept. | VENTERSTAD .. .. | 28 Sept. |
| ELLIOT .. .. .. .. | 21 Sept. | COLESBERG .. .. | 30 Sept. |

**ONDERSTEUN U BLAD DEUR U ADVERTEERDERS TE ONDERSTEUN**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.